

Publication: Beeld(Uitgawe2) (Sport)
Publication Date: 09 Oct 2018
Page: 15

AVE: 35430.21
Circulation: 41286
Part: 1 of 1




Die seëvierende Kovsie-span. Alicia Puren (in die middel) hou die trofee vas. Foto: VARSITY SPORTS

# Varsity-netbalkroon terug in Rosestad

**Annchen Nel**

Hulle moes vier jaar daarvoor wag, maar gisteraand kon die Kovsies se netbalspan eindelik weer die Varsitybeker-netbaltrofee lig.

Met 'n geesdriftige, luidrugtige skare bankvas agter hul span het die Vrystaters in Bloemfontein daarin geslaag om Tuks, die verdedigende kampioen, se hand in die as te slaan met 63-59.

Die eindstryd is teen 'n yslike tempo gespeel, met albei spanne wat deurgaans die druk op sy teenstander opgestapel het.

Hul derde Varsitybeker-titel maak die Kovsies nou die suksesvolste span in die ses jaar van die kompetisie ná hulle ook in 2013 en 2014 gewen het.

Die Vrystaters het 'n droombegin tot die eindstryd gehad en 'n mens kon sien hoe graag hulle die titel wou wen. Hulle het in die eerste kwart hul stempel afgedruk en met 19-15 voorgeloop.

Alicia Puren (doel) en Lefébre Rademan (hulpdoel) het die balle laat inrol – soveel so dat Jenny van Dyk, die Tuks-afrigter, aan die begin van die tweede kwart haar hoofdoelverdediger verander het. Juzelri Garbers, wat ietwat langer is, het Akosua Mensah vervang.

Met vyf minute oor in die kwart kon Tuks daarin slaag om die telling gelykop te maak met 20-20. Skielik was dit die tuisspan wat onder druk was. Hulle het goed gedoen om halftyd met 'n skrale voorsprong van 30-28 binne te gaan.

In die tweede helfte het die vonke behoorlik gespat. Tuks het vyf minute voor die einde van die derde kwart vir die eerste keer die voortou geneem, en sy kragspel gekies. Dit was 'n fout: die Pretorianers kon net een doel (dus twee punte) aanteken.

Die wedstryd is egter op sy kop gekeer toe Burta de Kock, die Kovsie-afrigter, haar kragspel in die vierde kwart speel, met die twee spanne steeds kop aan kop.

Die wedstryd is op sy kop gekeer, met die Kovsies wat in die tyd 10 punte verdien het. Dit het al die selfvertroue uit Tuks se doelskieters geklap en die hef ferm in Kovsies se hand geplaas.

Die Kovsies het nou wraak geneem vir hul nederlaag teen Tuks in die eindstryd van die Ussa-toernooi.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.